SUNRIDGE VANDAG

SUNRIDGE TODAY

CONJUNCTI CRESCIMUS

23 July 2020

Dear Parents

Thank you so much to parents working with us under these difficult circumstances. It is a certainty that mistakes will be made and that views will differ. Again, it is how we deal with it: making a mountain out of a mole hill or dealing with mistakes, issues and problems by focusing on solutions. With respect we all need to be careful of what we say and how we address these matters. As educators we do not have the luxury to go viral on social media platforms or attack an issue directly. We are professionally required to hold the high moral ground; this is not always fair but definitely something we must all keep in mind.

Currently it is the possibility of schools closing that is on everybody's mind. Teachers' work, salaries and who knows what, is now the main topic of discussion on social media platforms. Sunridge staff were required to start with distance teaching and support on a new platform from 31 March 2020 and they continue, on different levels, to do so. That is four months - YES, parents and learners were part of this and with the return to school teachers, parents and learners had to again adapt to a once again new normal. I respect parents and learners tremendously but need to address the teacher issue. Sunridge teachers want to work, they are frontline workers receiving up to 520 learners per day. They are in danger and should we miss that we might lose more than we bargained for.

They are facing COVID-19 daily and we deal with the risk daily. Parents, learners and YES, even staff may test positive. You may argue that luck is on our side as the contact was always second or third hand due to our way of management and we thank the Lord for that. YES, we know it is close to home and with the current spike it might become even closer. We understand the risks, fear and danger.

We respect information and deal with it confidentially. Only if there is a direct threat to learners, parents or staff will we inform parents and teachers in the specific class, grade or the school. Even then we will not provide any detailed information other than to report that the class, grade or school were directly compromised and then either ask the parents to monitor children or ask the class, grade or school to stay home.

We will follow protocol at all times and kindly request learners, parents and staff to refrain from gossiping and fishing for information as it is wrong to do so.

We still want to serve our children, irrespective of anything. Whatever the decision might be we will face the challenges together. We now see how many options for distance learning or home schooling are offered and presented as the solution. We respect other views BUT we can say that looking at where we are academically and what we have achieved, the solution we offer is working; it is tested and it is sustainable. YES, we need to thank parents and children but also our teachers for what they put in.

It is within this mind-set that I also see the health threat to our teachers as imminent and a reality as they are pushed beyond the normal. YES, it is also true for parents and our grade sevens to a certain extent. Should the decision be to close school, take a holiday, to scrap the year or whatever, we will continue with our work in the best interest of our learners. We know what is needed to continue for the foundation of 2021 and we are currently on track with our academic year. Whatever we put in will never be in vain and I can assure you that it will support the future, the 2021 academic year and high school applications.

We are scheduling a key subject (Maths and Languages) assessment for Grade 4 – 7. Grade 1 - 3 have already started with assessments on critical aspects. Even if schools were to close we will continue electronically with this assessment as we are also making provision to assess those learners who work at home with our assistance.

The purpose is to evaluate the second term's work in a formal setup after extensive revision as well as a summative worksheet done by all. This will determine the level of all learners after the long extended lockdown where distant learning was the only way of teaching available and to determine possible academic/conceptual problems to be retaught in order to ensure a smooth transition to the required third term requirements as prescribed by the DoE in the recovery plan.

This will ensure we can plan purposefully for whatever the challenges might be. The staff are already working on this and you will receive the timetable in due course.

I again want to make it very clear that the most important person for your child's academic future is the one who knows your child personally, who knows their strengths and shortcomings and the ones who will be there for them in the future. Nothing can replace a parent, you are the most important person in your child's life. By taking care of our educators we are creating the future.

Please Stay Safe and Positive!

Sunshine greetings

M DE VRIES
Principal


RABIE TRUST

TAVCOR

SUZUKI





Follow us on FACEBOOK!

Like

Find us on Facebook

**23 Julie 2020**

Geagte Ouers

Baie dankie aan daardie ouers wat onder hierdie onsekere omstandighede met ons saamwerk. Dit is 'n uitgemaakte saak dat foute begaan sal word en dat daar meningsverskille sal wees. Hoe ons dit hanteer, is wat saak maak; of ons 'n berg uit 'n molshoop maak, of ons foute, vraagstukke en probleme takel deur op die oplossing te fokus. Respek vereis tog dat ons hierdie aangeleenthede met omsigtigheid benader en 'n wag voor die mond plaas. As opvoeders is dit ons nie beskore om hierdie sake op die sosiale media-platform te bespreek of onsself te verweer nie. Daar word professioneel van ons verwag om 'n waardige stilswye te handhaaf; Dit is nie altyd regverdig nie, maar dit is iets wat ons in gedagte moet hou.

Die moontlike sluiting van skole is tans op almal se lippe. Onderwysers se werk, salarisse en dies meer is nou die vernaamste gesprekspunt op sosiale media. Daar is vanaf 31 Maart 2020 van Sunridge-personeel verwag om op 'n nuwe platform met afstandonderrig en ondersteuning te begin en hulle gaan tot vandag op verskillende vlakke daarmee voort. Dit is vier maande – JA, ouers en leerlinge was deel van die proses en met die heropening van skole moes onderwysers, ouers en leerlinge weereens by die nuwe normaal aanpas. Ek het oneindige respek vir ouers en leerlinge, maar ek moet die aangeleentheid van onderwysers aanspreek. Sunridge-onderwysers wil werk – hulle veg in die voorste linies en ontvang daagliks tot 520 leerlinge. Hulle verkeer in gevaar en as ons dit uit die oog verloor, mag dit ons dalk duur te staan kom.

Hulle word daagliks met COVID-19 gekonfronteer en plaas hul lewens daagliks op die spel. Ouers, leerlinge en JA, selfs personeel, kan positief toets. U mag wel sê dat die geluk aan ons kant is, want die kontak was altyd tweede- of derdehands as gevolg van ons bestuurstyl, maar ons dank die Here daarvoor. JA, ons weet dit kruip al hoe nader en met die huidige vloedgolf kan dit selfs nog nader kom. Ons is bewus van die risiko's, die vrees en die gevaar.

Ons stel dit op prys as inligting met ons gedeel word en dit word vertroulik behandel. Slegs in die geval van 'n regstreekse bedreiging vir leerlinge, ouers of personeel sal die ouers en onderwysers in die spesifieke klas, graad of die skool in kennis gestel word. Selfs dan sal ons nie besonderhede bekend maak nie, maar slegs meld dat daar 'n direkte risiko vir die klas, graad of skool bestaan en dan sal die ouers versoek word om die kinders te monitor, of die klas, graad of skool sal versoek word om tuis te bly.

Protokol sal te alle tye gevolg word en ons rig 'n vriendelike versoek aan leerlinge, ouers en personeel om nie te skinder of vir inligting te vis nie, want dit is verkeerd.

Desnieteenstaande wil ons steeds ons kinders dien. Wat die besluit vir die toekoms ook al mag wees, ons sal die struikelblokke saam oorwin. Ons sien wel hoeveel opsies vir afstand- of tuisonderrig as die oplossing voorgehou word. Ons het respek vir ander menings, MAAR as ons kyk na waar ons op akademiese gebied staan en wat ons bereik het, is die oplossing wat ons aanbied werkbaar, getoets en volhoubaar. JA, ons moet ouers en leerlinge, maar ook ons onderwysers vir hul werk bedank.

Vanuit hierdie ingesteldheid besef ek ook dat die bedreiging vir ons onderwysers wesenlik en 'n realiteit is, aangesien hulle verby hul normale perke gedryf word. JA, tot 'n sekere mate is dit ook waar wat ons ouers en graad sewes betref. Indien die besluit geneem word om die skool te sluit, vakansie te hou, die res van die jaar af te skryf of wat ook al, sal ons steeds in die beste belang van ons kinders met die werk voortgaan. Ons weet wat nodig is om met die grondslag vir 2021 voort te gaan en ons is tans op dreef met ons akademiese jaar. Wat ons ook al doen, sal nooit tevergeefs wees nie en ek kan u verseker dat dit in die belang van die toekoms, die 2021 akademiese jaar en hoërskoolaansoeke sal wees.

Hiermee in gedagte sal ons 'n sleutelvakassessering (Wiskunde en Tale) vir Gr 4 – 7 in plek plaas, terwyl Gr 1 tot 3 reeds met assessering van kritieke aspekte begin het. Selfs as die skole gesluit word, sal ons steeds elektronies met hierdie assessering voortgaan, aangesien ons reeds voorsiening maak om die leerlinge wat tuisonderrig met ons hulp ontvang, te assesseeer.

Die doel is om die werk van die tweede kwartaal in 'n formele omgewing te evalueer nadat breedvoerige hersiening asook 'n opsommende werkvel deur almal gedoen is, ten einde die vlak van alle leerlinge te bepaal ná die inperking waartydens afstandonderrig die enigste wyse van onderrig beskikbaar was, asook om moontlike akademiese/konseptuele probleme wat aangespreek moet word ten einde 'n probleemvrye oorgang na die vereistes vir die derde kwartaal, soos in die herstelplan van die DoV omskryf, te verseker.

Dit sal verseker dat ons doelgerig vir alle moontlike struikelblokke kan beplan. Die personeel is reeds hiermee besig en u sal die rooster te geleëner tyd ontvang.

Ek wil dit weereens duidelik stel dat die belangrikste persoon in u kind se akademiese landskap die een is wat u kind persoonlik ken, die een wat al die swak en sterk punte ken, die een wat in die toekoms daar sal wees vir u kind. Niemand kan 'n ouer vervang nie, u is die belangrikste persoon in u kind se lewe en deur vir ons opvoeders te sorg, bou ons die toekoms.

Bly asseblief veilig en positief!

Sonskyngroete

M DE VRIES
Skoolhoof

RABIE TRUST

TAVCOR
SUZUKI




MasterCard VISA

Follow us on
FACEBOOK!
Like
Find us on Facebook

# CONGRATULATIONS

## Sunridge

Akademiese / Academic Top 10: 2020

[redacted]

| GRAAD / GRADE 4 | | | GRAAD / GRADE 5 | | | GRAAD / GRADE 6 | | | GRAAD / GRADE 7 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Karlie Janse van Rensburg | 93.91 | 1 | Therese Otto | 95.64 | 1 | Zia Ferreira | 92.22 | 1 | Quinn Coetzer | 94.23 |
| 2 | Heinrich Crouse | 92.64 | 2 | Roné Strydom | 94.39 | 2 | Luka Bessinger | 91.55 | 2 | Ané Retief | 94.01 |
| 3 | Minette van Zyl | 92.21 | 3 | Lize Retief | 93.67 | 3 | Michael du Toit | 91.42 | 3 | Alouise Vosloo | 92.83 |
| 4 | Emily Ferreira | 91.88 | 4 | Joel Horak | 93.23 | 4 | Anine Ehlers | 90.91 | 4 | Evan Claassen | 92.75 |
| 5 | Anja Potgieter | 91.87 | 5 | Mitchell Hartney | 91.31 | 5 | Chelsea Harris | 90.69 | 5 | Dewan Wessels | 92.46 |
| 6 | Luan Claassen | 91.51 | 6 | Jared Henwick | 91.25 | 6 | Caitlin van Heerden | 90.17 | 6 | Jordan Frösler | 92.34 |
| 7 | Adriaan Ehlers | 91.44 | 7 | Cara-Lee van den Berg | 90.34 | 7 | Paul van Heerden | 89.32 | 7 | Tobias Fourie | 91.19 |
| 8 | Jani van Heerden | 91.21 | 8 | Waldo Engelbrecht | 89.99 | 8 | Karla Myburgh | 89.31 | 8 | Taylor Wilson | 90.31 |
| 9 | Leah Swart | 89.14 | 9 | Rylee Hendricks | 89.91 | 9 | Rachel Woods | 89.21 | 9 | Mieke Koen | 89.86 |
| 10 | Kaylin  Labuschagne | 89 12 | 10 | Ankia Jansen | 89.76 | 10 | Hannah Richardson | 88.80 | 10 | Zunaid Bhika | 88.52 |

## CLOSING OF BANK ACCOUNT / SLUITING VAN BANKREKENING

*~ The following account will be closed in the next 2 months ~*

*~ Die volgende rekening sal binne die volgende 2 maande gesluit word ~*

~~*Standard Bank*~~
~~*080 106 862*~~
~~*050017*~~

***~ Please, only use the account below ~***

***~ Gebruik asseblief slegs die rekening hieronder ~***

**Sunridge Primary School /**
**Sunridge Primêre Skool**
**Standard Bank**
**Current Account / Tjekrekening**
**080 396 801**
**050017**

TAVCOR SUZUKI




RAMBE TRUST

# PHOTO GALLERY / FOTOGALERY

















# ROUTE AROUND THE SCHOOL
# ENTRY & EXITS GATES

